

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

## Woorddiens

### Lesing 1: Johannes 10:1-27 (1953)

- <sup>1</sup> VOORWAAR, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower.
- <sup>2</sup> Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape.
- <sup>3</sup> Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; en hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit.
- <sup>4</sup> En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.
- <sup>5</sup> Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.
- <sup>6</sup> Hierdie gelykenis het Jesus aan hulle vertel; maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy tot hulle gespreek het nie.
- <sup>7</sup> Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape.
- <sup>8</sup> Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie.
- <sup>9</sup> Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.
- <sup>10</sup> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.
- <sup>11</sup> Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.
- <sup>12</sup> Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.
- <sup>13</sup> En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie.
- <sup>14</sup> Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.
- <sup>15</sup> Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.
- <sup>16</sup> Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.
- <sup>17</sup> Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.
- <sup>18</sup> Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.
- <sup>19</sup> Daar het toe weer verdeeldheid onder die Jode gekom oor hierdie woorde.
- <sup>20</sup> En baie van hulle het gesê: Hy is van die duiwel besete en is kranksinnig; wat luister julle na Hom?
- <sup>21</sup> Ander het gesê: Hierdie woorde is nie van 'n besetene nie; 'n duiwel kan tog nie die oë van blindes open nie.

<sup>22</sup> EN dit was die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter.

<sup>23</sup> En Jesus het in die tempel gewandel in die pilaargang van Salomo.

<sup>24</sup> En die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit.

<sup>25</sup> Jesus antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My.

<sup>26</sup> Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, soos Ek vir julle gesê het.

<sup>27</sup> My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.

### Tema: Hoe persoonlik is ons verhouding met God?

### Broodjies vir die Pad

John's narrative includes this chance encounter between Jesus and other devout Jews present at the Temple on Hanukkah. They point blank ask Jesus if he is the Messiah; Jesus responds but enigmatically: Look at what I do, see the results and decide for yourselves. In this response, the burden of proof shifts from Jesus to provide clear, irrefutable, air-tight 'evidence' to his inquisitors to weigh what they hear and see for themselves and make their own personal decision. Those who have made their decisions are like sheep who trust the voice of their shepherd, Jesus says, implying that for those who do not follow his voice just does not register. Because "the Father and I are one," Jesus continues, they are mine now and for "eternal life."

[...]

Paul Ricoeur insisted that as a philosopher he could not validate religious claims but as a philosopher he could not ignore religious claims, especially the grandest claim of the church-- the Resurrection. Under the influence of the theologian of hope, Jorgen Multmann, Ricoeur understands the power of the Resurrection as "not only a manifestation of the sacred, as was the case with pagan epiphanies..." but far more consequentially for humankind as "an event that opens a new future...." It even supersedes the incarnation, which makes claims about the divine in the past in contrast to the resurrection which "liberate[s] the preaching of the 'one who comes'." At the conclusion of the second part of this essay to which he gave the title, *Spero ut intelligim*, (I hope in order to understand), Ricoeur offers a list of conclusions. Because the Resurrection turns our attention to the future and enables genuine hope, it establishes a "new law, the law of superabundance, the superabundance of sense over non-sense." (Recall that Jesus has already acknowledge that some hear and follow and for others the voice simply does not register.) At first this "new law" of superabundance and based on hope enabled by the

Resurrection can seem "irrational," but it can also bloom into an alternative knowledge or logic. The implications of this claim, Ricoeur, are universal" "the specific task of theology... is to relate the preaching of hope in all fields of human experience and action-- ethical or political-- to the central preaching of the church, that of the Risen Lord." (All citations from *Figuring the Sacred: Religion, Narrative and Imagination*, pp 207-216)

[...]

Nicholas Lash writes: "...Jesus' resurrection and... Easter hope ... attempts to state that the story of human history is ultimately to be told in terms not of death, but of life, not of chaos but of God's unconquerably effective love." "It follows that, if the doctrine of the resurrection is [taken to be true], then nothing whatsoever, no circumstance, no suffering, no cracking by chaos of sanity and dignity, no betrayal, no oppression, no collapse of sense, structure or relationship, can justify despair, can justify the admission that, at the end of the day, the darkness has the last word. Those who know this know, I think, all that it is yet possible for us to know of what 'resurrection. means." (*Theology on the Way to Emmaus*, pp 184-185)

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/04/fourth-sunday-of-easter-year-c.html>

## Brood vir die Pad

### Uit die DNS van geloof

deur Anton van Niekerk

Die godsdiensdebat bly in volle gang, opnuut gelanseer vanaf die Woordfees-platform oor, van alle dinge, hemel en hel as "plekke"! Dat hierdie temas soveel belangstelling by ons bly opwek, is opnuut 'n teken daarvan dat die Afrikaners steeds voluit besig is om hul eie *Aufklärung* (Verligting) te beleef – 'n goeie 200 tot 250 jaar ná die bekende voorloper in Europa.

Maar liewer laat as nooit.

Dat die debat eers nou so loskom, lewer veelseggende kommentaar op die outoritêre onderdrukking van die oop gesprek in die apartheidsjare en daarvóór in Suid-Afrika – 'n onderdrukking waarin die gevestigde kerke 'n sentrale rol gespeel het.

Wat kan ons uit hierdie debat leer? Hier volg 'n paar perspektiewe wat hopelik 'n bietjie lig op 'n paar kwessies kan werp.

Eerstens toon die debat die omvattende behoefte by denkende mense om hul geloof (indien hulle nog geloof het) te laat resoneer met die tydgees van die kontemporêre wêreld. Ons kan eenvoudig nie meer die voormoderne wêreldvoorstellings van baie godsdiensdienste (duiwels, engele, bose magte, 'n hemel as 'n stad met goue strate en nimmereindigende koorsang, strafeisende geregtigheid wat mense in ewige vlamme werp as hulle skuldig staan, ensovoorts) ernstig opvat nie. Geloof moet vir eietydse mense iets te sê hê vir die wêreld waarin ons hier en nou elke dag woon, of dit sal sy betekenis onherroeplik verloor.

Dit beteken nie dat die Bybel met al die voormoderne wêreldvoorstellings wat daarin voorkom, prysgegee moet word nie; maar dit beteken wel dat dit vir ons tyd en

omstandighede herinterpreteer moet word. Dit beklemtoon dat die teologie as sodanig 'n radikaal hermeneutiese aangeleentheid is: 'n poging om die Bybel nuut en opnuut vir die mense van ons eie tyd en omstandighede te interpreteer.

Dat sekere mense nog emosioneel kan raak oor kwessies soos waar die hemel en die hel presies geleë is, hoe verseker kan word dat 'n mens ná die dood op die regte bestemming beland, of die aarde nie dalk 6 000 jaar oud is en of evolusie nie 'n bedrogspul is nie, is tekenend van die houvas wat fundamentaliste dikwels op die gesprek oor godsdiens behou. Ons moet hard probeer om die gesprek op 'n vlak te kry waar hierdie soort wêreldvreemde oorwegings kwalik nog ter sake is.

Beteken dit daarom dat die geloof as sodanig laat vaar moet word en dat ons, in die gees van die positivisme, eenvoudig moet aanvaar dat die enigste kennis van die werklikheid wat betroubaar is, dié kennis is wat die vakwetenskappe lewer en dat alles wat sodanige wetenskappe beweer, saamval met die waarheid? Ver daarvandaan. Die wetenskap het geen monopolie op kennis nie.

Ons ken die wêreld in die wetenskap vanuit 'n bepaalde perspektief op sake wat beslis nie die enigste perspektief is wat betroubare kennis (kan) oplewer nie.

Die kennis wat die wetenskap oplewer, is in beginsel altyd falsifiseerbaar en slegs geldig tot tyd en wyl dit die toets van verdere getuienis deurstaan het. Terwyl 'n voormoderne omgang met die Bybel en die godsdiens die gevaar meebring dat ons van geloof bygeloof kan maak, kan 'n blinde aanvaarding van alles wat in die naam van die wetenskap as finale en onweerlegbare kennis opgedis word, die gevaar meebring dat wetenskap ontaard in ideologie: onweerlegbare en onkorrigeerbare kennis.

Dit alles is die gevolg daarvan dat ons die soort kennis wat die wetenskap en die geloof oplewer, nie behoorlik verstaan, nie van mekaar onderskei nie en nie na mekaar herlei nie. Wetenskap is die soort kennis wat ons as 'n spesie opdoen en ontwikkel ten einde ons in staat te stel om biologies te oorleef. Dit is pogings om die wetmatighede wat die (in beginsel) sintuiglik waarneembare natuur se gedrag beheers, op te spoor, te voorspel en aan te wend in projekte wat ons lewe in die wêreld meer leefbaar maak.

Hierdie soort kennis word veral nagestreef in die empiries-analitiese wetenskappe (Habermas). (Dié onderneming, indien dit nie gestuur word deur gesonde waardes nie, kan natuurlik ook ontaard in tegnologiese wat ons spesie kan vernietig.)

Geloof is 'n soort oriëntasie ten opsigte van die wêreld, en loop uit op 'n soort kennis, wat fundamenteel van die kennis van die wetenskap verskil.

Dit kom op uit ons as 'n spesie se erkenning dat 'n mens van brood alleen nie kan lewe nie, dit wil sê dat daar meer aan die lewe van die mens is as voorsiening vir materiële behoeftes. As 'n spesie is ons voortdurend ook met mekaar in gesprek oor die vraag hoe ons behoort te lewe en watter soort lewe die moeite werd is. Dit is die vraag na waardes en nie-materiële ideale. Die humaniora en sosiale wetenskappe het hierdie fokus.

Geloof, sowel as die studie van of refleksie oor die geloof wat in die teologie plaasvind, funksioneer as 'n

onderdeel van hierdie soort kennisbedryf, wat dan ook 'n ander soort kennis as dié van natuur- en selfs van die sosiale wetenskappe oplewer. Dit funksioneer naamlik in die gesprek oor die sinvraag omtrent die lewe – die vraag waarom ons hoegenaamd hier is, watter groter projek aan ons individuele bestaan sin verleen, watter geheimenis moontlik ons oorsprong en ons bestemming as mense onderlê.

Dit is so dat baie mense, veral ook in ons tyd, verkies om glad nie aan laasgenoemde gesprek deel te neem nie. Maar dit ontnem diegene van ons wat deur die noodsaak van daardie gesprek oorrampel is, nie die vryheid en reg om daardie gesprek te bly voer nie.

In daardie gesprek laat ons ons nie uit oor hoe presies die heelal en die lewe op ons planeet ontwikkel het nie; laasgenoemde is die terrein van die kosmoloë, geoloë en bioloë. Wanneer gelowiges egter 'n skepper bely, is dit nie nog 'n wetenskaplike hipotese wat aan empiriese getuienis onderwerp moet word nie, maar juis 'n belydenis in die sin van 'n interpretasie van die sin wat vanuit die geloof gemaak word van die misterie van ons bestaan in die wêreld.

Daarom is die evolusionêre bioloog wat alle lewe herlei tot eenvoudige, oorspronklike selle en wat wys op die mag van natuurlike seleksie in die ontwikkeling van alle lewe, en die Christen-gelowige wat die woord “God” gebruik as die laaste en mees troosvolle interpretasie van die sin van ons bestaan in die wêreld, hoegenaamd nie besig om mekaar te weerspreek nie; hulle is eenvoudig besig om, elke op eie terrein, te doen wat hul hand vind om te doen.

Elk behoort sy eie ruimte hiervoor te hê, en daardie verskillende ruimtes is presies wat erken word aan 'n universiteit en in 'n ware demokrasie.

*Prof. Van Niekerk is 'n godsdienstfilosoof verbonde aan die Universiteit Stellenbosch en skrywer van die boek **Geloof Sonder Sekerhede**.*

<http://www.dieburger.com/Rubriek/Gasrubriekskrywers/Uit-die-DNS-van-geloof-20130412>

[wynandnel@iafrica.com](mailto:wynandnel@iafrica.com) 082 901 5877